Die Sean Paquito II op een van sy eerste vaarte in Tafelbaai.

Foto: Barry Lamprecht

Springbok gaan toeriste op vaarte neem

Eben Human 2/3/1995

KAAPSTAD. – 'n Pragtige groot seilskip kan nou weer gereeld gesien geword tussen Saldanhabaai en Hermanus wanneer die Springbok seiljagvaarder John Martin toeriste op sy nuwe Groot Bank skoener Sean Paquito II op avontuurlike vaarte neem.

Die Kaapse skeepsargitek Angelo Lavranos het die seilskip se ontwerp gegrond op die skoeners wat aan New Foundland se kus vir visvang gebruik is.

Hierdie vaartuie moes in moeilike weersomstandighede dikwels 'n week of wat seil. Dis 'n ontwerp wat ideaal vir die Kaapse waters is.

Martin, wat as alleenvaarder om die wêreld geseil het, is baie opgewonde oor die vooruitsig om nou gereeld toeriste van die Waterfront op vaarte te neem.

Behalwe vaarte in Tafelbaai, word gereelde vaarte na Saldanha, Simonstad en Hermanus beoog.

Maatskappye sal ook die groot vaartuig vir seminare kan huur. Daar is onthaalgeriewe aan boord en slaapplek vir sestien passasiers as daar oornag geseil word.

Martin sê hulle het al tot 14 knope met die seilskip gehaal. As al die seile gehys is, is die seiloppervlak 1 000 m².

Die *Sean Paquito II* het 'n groot enjin wat gebruik kan word as daar skielik nie wind is nie en 'n bestemming gehaal moet word.